WATERBEPERKINGS EN WATER- EN SANITASIE TARIEWE : VLAK 2

FINALE KENNISGEWING AAN ALLE VERBRUIKERS VAN MUNISIPALE DRINKWATER : VLAK 2-WATERBEPERKINGS VAN TOEPASSING VANAF 1 OKTOBER 2004

Kennis geskied hiermee ingevolge die *"MUNISIPALITEIT VAN KAAPSTAD: VERORDENING OP WATERDIENSTE OM DIE GEBRUIK VAN WATER TE BEPAAL EN TE BEPERK"*, gepubliseer in Staatskoerant nr. 5994 op 28 Maart 2003, dat sekere beperkings met ingang van 1 Oktober 2004 en tot verdere kennisgewing, binne die grense van die Stad Kaapstad geld, onderhewig aan die vrystellings vasgestel.

Enige persoon wat die bepalings van die finale kennisgewing oortree, sal aan 'n oortreding skuldig wees en aanspreeklik wees vir die betaling van 'n boete wat nie tienduisend rand oorskry nie of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie of sodanige gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf. Oortredings moet by die 24-uur-nommer 086 010 3054 aangemeld word.

Beperkings op vlak 2 (geraamde 20% besparing)

1. Die gebruik van drinkwater wat regstreeks of onregstreeks verbind is met of afgelei word uit die raad se hoof-drinkwaterpypleiding met die doel om tuine, grasperke, parke en openbare oop ruimtes nat te maak, word beperk tot
   hoogstens **een uur**, op
   - Maandae en Donderdae in die geval van eiendomme met gelyke straatnommers (of eiendomme sonder straatnommers) en
   - Dinsdae en Vrydae in die geval van eiendomme met ongelyke straatnommers.
   - Die gebruik van besproeiingstelsels en sproeiers word verbied.
   - Slegs 'n tuinslang wat met die hand gehou word, emmers of gieters mag gebruik word.

2. Die gebruik van drinkwater wat regstreeks of onregstreeks verbind is met of afgelei is uit die raad se hoof-drinkwaterpypleiding met die doel om tuine, grasperke, parke en openbare oop ruimtes nat te maak, word **streng verbied tussen 10:00 en 18:00**.

3. Die gebruik van tuinslange wat regstreeks of onregstreeks verbind is met die raad se hoof-drinkwaterpypleiding met die doel om motorvoertuie, motorfietse of motorbote, roerende of onroerende strukture, paaie, sypaadjies en geplaveide gedeeltes (ongeag die aard van die materiaal gebruik vir die plavei van sodanige gedeeltes) te was of af te spoel, word verbied.

4. Alle outomatiese spoelurinale moet afgedraai word in alle geboue gedurende tye wanneer die publiek en/of personeel, behalwe skoonmaakpersoneel, sodanige geboue normaalweg verlaat. U aandag word ook gevestig op Buitengewone Staatskoerant nr 5014 (1996), wat die installasie van outomatiese spoelurinaalbakke in nuwe geboue verbied.

5. Die beperkings waarna in paragraaf 1 en 3 alleenlik verwys word, geld nie vir die doel van plante natmaak in kwekerye met 'n winsoogmerk, kwekerye wat aan die raad of staat behoort, versamelings wat vir navorsingsdoeleindes in stand gehou word, duinrehabilitasieprojekte, krieketkolfblaaie, rolbalbane, gholfsetperke, kroukiebane, kunsmatige grasvelde en groot sportstadions nie.

6. Die beperkings waarna in paragraaf 1, 2 en3 alleenlik verwys word, geld nie

   (i) Vir die was van sekere geplaveide gedeeltes by abattoirs, persele aangewend vir die verwerking van kos en vir motorvaletdienste nie;
   (ii) Waar spesiale vrystellings skriftelik deur die Stad Kaapstad toegestaan is nie;
   (vi) Waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en 'n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op 'n plek waar dit duidelik sigbaar is vanaf 'n openbare deurgang nie.

7. Die beperkings waarna hierbo verwys word, geld nie waar spesiale vrystellings skriftelik deur die Stad Kaapstad toegestaan is nie. Spesiale vrystellings sal slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan word.

Aansoeke om vrystellings moet skriftelik aan een van die volgende kantore gerig word:

Distrikskantoor	Straatadres	Posadres	Faks (021)

Bellville / Delft / Durbanville	1st Verdieping, PX-gebou Modderdamweg, Bellville-Suid	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Privaat Sak X26, Bellville 7535	918-2569
Blaauwberg	Royal Ascot-kantore, Racecourseweg, Milnerton	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Posbus 35, Milnerton 7435	550-1024
Kaapstad	20ste Verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Posbus 1694, Kaapstad 8000	419-9667
Goodwood/ Parow	H.v. Tallent- & Voortrekkerweg, Parow	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Posbus 11, Parow 7499	938-8457
Helderberg	H.v. Victoria- & Andries Pretoriusstraat, Somerset-Wes	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Posbus 19, Somerset-Wes 7139	850-4400
Khayelitsha	Stocks & Stocks, Ntlazan aweg, Ilitha Park, Khayelitsha	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Privaat Sak X93, Bellville 7535	360-1255
Oostenberg	Brightonweg, Kraaifontein	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Posbus 25, Kraaifontein 7570	980-6117
Suid-Skiereiland	Waterwerkedepot Kendalweg, Constantia	**Vrystelling t.o.v. Waterbeperkings** Stad Kaapstad, Privaat Sak X5, Plumstead 7800	712-0757

STAD KAAPSTAD : TARIEWE-2004/2005 : WATER EN SANITASIE

Die doel van hierdie kennisgewing is om die aandag van alle belanghebbende partye op die volgende te vestig:

Op 22 September 2004 het die Raad van die Stad Kaapstad ingevolge artikel 75A van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 besluit om weens waterbeperkings die volgende water- en sanitasietariewe te wysig ingevolge die Wet op Waterdienste, Wet 108 van 1997, wat met ingang van 1 Oktober 2004 in werking gestel word:

WATER en SANITASIE **(Alle tariewe sluit BTW uit)**

Aangesien vlak 2-beperkings ingestel is, geld die volgende tariewe vanaf 1 Oktober 2004:

WATER		**SANITASIE VOLGENS VERBRUIK (VOLUMETRIES)**	
Gebruikerskategorie:	Tariewe per kiloliter **(vlak 2)**	**Gebruikerskategorie:**	Tariewe per kiloliter **(vlak 2)**
Huishoudelik stap 1 (0-6kl)	**R 0.00**	Huishoudelik stap 1 (0-4.2kl)	**R 0.00**
Huishoudelik stap 2 (+6-12kl)	**R 2.32**	Huishoudelik stap 2 (+4.2-8.4kl)	**R 1.52**
Huishoudelik stap 3 (+12-20kl)	**R 6.15**	Huishoudelik stap 3 (+8.4-28kl)	**R 4.39**
Huishoudelik stap 4 (+20-40kl)	**R 10.41**		
Huishoudelik stap 5 (+40-60kl)	**R 13.34**		
Huishoudelik stap 6 (+60kl)	**R 17.20**		
Huishoudelik tros 1	**R 0.00**	Huishoudelik tros 1 (0-4.2kl)	**R 0.00**
Huishoudelik tros 2	**R 6.17**	Huishoudelik tros 2 (>4.2kl)	**R 4.31**

Kommersieel en industrieel	**R 6.59**	Kommersieel en industrieel	**R 2.68**
Skole/sport	**R 5.81**	Skole/sport	**R 2.68**
Regering	**R 6.25**	Regering	**R 2.68**
Munisipaal	**R 5.81**	Munisipaal	**R 2.47**
Diverse	**R 6.25**	Diverse	**R 2.68**
Diverse ekstern	**R 7.47**	Diverse ekstern	**R 2.68**
Grootmaat-tarief (sent/kl)	**196.42**		

Let asseblief op die veranderinge aan (slegs) die beskrywings van die verskillende water- en sanitasietariefvlakke soos geplaas in 'n advertensie in die Cape Times, Cape Argus en Die Burger op 26 Augustus 2004 en die Vukani op 2 September 2004.

Afskrifte van hierdie kennisgewing is weeksdae tussen 08:30 en 16:30, ter insae beskikbaar by die onderstaande munisipale kantore.

Gebied	**Adres**
Kaapstad	Ontvangstoonbank, Wandelhal, Burgersentrum, Hertzog-boulevard, Kaapstad
Suid-Skiereiland	Munisipale kantoor, h.v. Hoof- en Victoriaweg, Plumstead
Subraad 1	Munisipale kantoor, Racecourseweg, Milnerton
Subraad 2	Langs die Kraaifontein-burgersentrum, Brightonweg, Kraaifontein
Subraad 3	Munisipale kantoor, Oxfordstraat, Durbanville
Subraad 4	1ste Verdieping, h.v. Voortrekker- & Tallentweg, Parow
Subraad 5	Goodwood munisipale gebou, Voortrekkerweg, Goodwood
Subraad 6	H.v. Voortrekker- & Carinusstraat, Kuilsrivier
Subraad 7	Miltonweg-biblioteek, hoek van Fynbos- en Melkbosweg, Eersterivier
Subraad 8	H.v. Faganstraat & Hoofweg, Strand
Subraad 9	D Blok Stocks & Stocks-kompleks, Ntlakohlaza-straat, Town 2, Village 1, Khayelitsha
Subraad 10	Site B, Khayelitsha, winkelsentrum, Khayelitsha
Subraad 11	Fezeka-gebou, h.v. NY1 en Lansdowneweg, Gugulethu
Subraad 12	Parke- & Swembadgebou, Merrydalelaan, Lentegeur
Subraad 13	Fezeka-gebou, h.v. NY1 en Lansdowneweg, Gugulethu
Subraad 14	Fezeka-gebou, h.v. NY1 en Lansdowneweg, Gugulethu
Subraad 15	Pinelands-opleidingsentrum, St Stephensweg, Sentrale Plein, Pinelands
Subraad 16	11de Verdieping, Waalstraat 44, Kaapstad
Subraad 17	Athlone-burgersentrum, h.v. Protea- en Klipfonteinweg, Athlone
Subraad 18	Otteryweg 3, Ottery
Subraad 19	Vishoek-burgersentrum, Sentrale Sirkel, Recreationweg, Vishoek
Subraad 20	Alphen-sentrum, Constantia-hoofweg, Constantia

EERSTE DATUM VAN PUBLIKASIE: 30 September 2004

DR WALLACE MGOQI
STADSBESTUURDER